

ST. KATERI TEKAKWITHA

17 APRIL

(1656-1680)



Hierdie eerste Noord-Amerikaanse inboorling om deur die Kerk heilig verklaar te word, was die dogter van 'n Mohawk stamhoof en 'n Algonquin Christenvrou. Haar ouers sterf aan die pokke en sy word deur haar oom heidens groot gemaak. Op 11-jarige ouderdom besoek Jesuïete sendelinge hulle dorpie en sy besluit om gedoop te word. Haar familie was teen dit gekant. Haar geloof en die feit dat sy geweier het om te trou bemoelik haar lewe omdat haar dorpsgenote haar daarvoor getreiter en vervolg het. Uiteindelik vlug sy na 'n Christelike Indiane gemeenskap buite Montreal. Daar ontvang sy haar eerste Heilige Kommunie en wy sy haar maagdelikheid toe aan Christus. Haar liefde vir haar Here het tot uiting gekom in haar diep gebedslewe en die manier hoe sy haar volksgenote na die Here gelei het. Ná haar dood het sy aan talle priesters en Indiane verskyn en baie wonderwerke is op haar hemelse voorspraak aangeteken